

Inhoud Hierdie preek wys hoe Christus se gawe om altyd met ons as Here te leef en as mense vir Hom te laat leef, aan ons tydelike lewe ewigheidswaarde gee. Elke oomblik en geleentheid is deel van ons lewe vir altyd met God. Dit maak elke oomblik en geleentheid nuut en deel van ons toekoms. Ons einde is nie die dood nie maar die lewe. In goddeloosheid en afgodsdienste gee mense hulle oor aan die gelatenheid en verslaenheid van die verganklikheid en nietigheid wat die dood aan die lewe gee. In hierdie wete van verganklikheid probeer goddeloses hulself nuut maak met die genietinge van die lewe en bygelowiges hulle self met goddelikheid verhef bokant hul eie menslikheid. Gelowiges leef hul tydelikheid as deel van die nuutheid van hul ewig lewe met en vir God. Elke tydelike geleentheid en oomblik is deel van ons ewige identiteit.

Skriflesing Joh. 11: 17 – 44; 20: 24 – 29

Teks Joh. 11: 25, 26: “Toe sê Jesus vir haar: “Ek is die opstanding en die lewe, wie in My glo, sal lewe, al het hy ook gesterwe en elkeen wat lewe en in My glo, sal in alle ewigheid nooit sterwe nie.”

Tema Die gawe van die ewige lewe maak ons tydelike lewe vir altyd kosbaar

1. Ons is in die afgelope week deur die jaarverwisseling van 2019 na 2020. Die aarde het nog 'n omwenteling om die son voltooi. Nou staan ons volgens ons tydsmaatstaf voor die nuutheid van nog 'n nuwe lewensjaar. 'n Nuwe jaar met nuwe beloftes en verwagtings! Dit is die hoop wat met 'n jaarverwisseling in ons opkom.

Hierdie hoop op iets nuuts is vir die meeste van ons baie kort, want binne 'n paar dae, weke of maande is hierdie nuwe jaar met nuwe verwagtings, weer 'n ou jaar met dieselfde gevoel van alles wat so vinnig verbygaan en al die verwagtings wat weer iets van die verlede is.

Dit is nie 'n negatiewe ingesteldheid of neerslagtigheid wat dinge vir ons so maak nie. Dit is die kenmerk van ons lewe. Ons leef 'n tydelike lewe, 'n lewe waarin die tyd verbygaan en alles wat nuut is, oud maak. Tyd maak al ons toekomsverwagtings iets van die verlede.

Daarom is ons aanhoudend besig om na nuwe dinge waarmee ons nuut kan leef te soek.

2. Vir ons as Christene lê die nuutheid van die lewe in totaal iets anders as 'n nuwe tydperk, nuwe geleenthede, nuwe ervarings, nuwe verhoudings of nuwe besittings.

Die nuutheid van elke dag, elke geleentheid, elke verhouding en al ons besittings lê in Christus. Hierdie tipe nuutheid waarin ons leef, stel die Here só in Johannes 11:

Die gawe van die ewige lewe maak ons tydelike lewe vir altyd kosbaar

“Wie glo sal lewe al het hy ook gesterwe” en “Elkeen leef en in My glo, sal tot in ewigheid nooit sterf nie.” (11: 25, 26)

Hierdie is die Here se antwoord op Maria se geloofsverklaring oor haar broer Lasarus wat dood is: “Ek weet dat hy sal opstaan met die opstanding op die laaste dag.” Daarmee stel sy dat Lasarus iets van die verlede is tot die opstandingsdag en dat al die liefde wat hulle met mekaar gedeel het daarom ook eintlik iets van die verlede is.

Hierteenoor verklaar die Here dat HY die lewe op twee maniere nuut maak.

- .1 In die lewe met Hom leef jy, al gaan jy dood en
- .2 sal jy in ewigheid nooit weer sterf nie.

Dit wat die lewe oud maak, is die mag van die dood, nie tyd of tydelikheid nie. Dit is die mag om jou lewe as mens te stop, te beëindig. As jy sterf is jou lewe as mens verby of omdat jy net getermineer is of omdat jy dan 'n gees is en nooit weer 'n mens sal wees nie. Só bly van jou menswees net 'n gedagte of herinnering oor. Die dood se mag is dat jy nooit weer mens kan wees in God se skepping nie.

Die dood maak jou tydelikheid as mens, jou verganklikheid en jou nietigheid. Jy word niks en is niks! Dis verby en klaar met jou! Jy en alles wie jy as mens is en wat jy doen, hoort tot die verlede tyd. Jy sal nooit weer as mens leef in die teenswoordige tyd nie.

3. Kan u hoor watter verskil die Here Jesus aan ons lewe met sy verganklikheid en nietigheid aard maak?

Eerstens maak die Here nie dat ons nie sal doodgaan nie. Lasarus het doodgegaan en na die Here hom uit die dood opgewek het, het hy weer doodgegaan.

Tweedens verklaar die Here dat ons vir Hom sal leef bly leef, al het ons doodgegaan. Dit is die betekenis van die verklaring dat ons sal leef as gaan ons dood.

Derdens verklaar die Here dat ons vir ewig weer mens sal wees soos mense mens is, en dat ons dan nie weer as mense sal doodgaan nie. Ons sal as mense vir ewig met Hom as Here saamleef.

Die Here openbaar hiermee eerstens wat met Hom as mens gaan gebeur en tweedens wat Hy dan as God met ons sal doen: Hy gaan na die Jode Hom doodgemaak het as mens uit die dood opstaan, 'n mens aan wie jy kan voel en vat soos Tomas, wie nie weer kan doodgaan nie. Hy gaan deur sy krag as God ons weer liggaamlik uit die dood laat opstaan, net soos Hy aan die begin alles uit niks

Die gawe van die ewige lewe maak ons tydelike lewe vir altyd kosbaar

gemaak het (1:1 – 3) om vir ewig as mense met Hom as Skepper te leef in die skepping.

Dit is hoe die Here ons nuut maak en nuut laat leef!

4. Dit is hoekom die Here Jesus Lasarus uit die dood uit opwek.

Om te wys dat Hy die Here is wat 1. ons die gawe van lewe in sy skepping gegee het, dat die dood nie ons lewe met Hom kan beëindig of vernietig nie en 3. ons vir ewig as mense weer saam met Hom in sy skepping sal laat leef.

Daar is 'n direkte verband tussen Jesus se opwekking van Lasarus uit die dood uit en die Here se eie dood en opstanding uit die dood uit. Lasarus word ook in 'n klipgraf met 'n klip wat daarvoor gerol is. Lasarus was vier dae al in die graf en die Here die dae. Dit is ook die opwekking van Lasarus uit die dood uit wat die direkte aanleiding is vir die Joodse raad om te besluit het om Jesus dood te maak. (11: 53)

Wat die Here hier regtig gedoen en laat gebeur het, raak deesdae vir ons geloof verlore deur die waansinnigheid van al die afgodsdienste wat hierdie gebeurtenis voorhou as iets wat die Here ons ook kan laat doen as ons een word en deel is van sy goddelike lewe en krag! Van Angus Buchan tot verskeie pastore en geestelikes verklaar dat God deur hulle ook al 'n dooie opgewek het. Die verspotheid daarvan het ek beleef toe een van die pastore van Louis Trichardt wat ook in Levubu gewerk het trots aan my verklaar het dat hy 'n tannie in die ouetehuis uit die dood uit opgewek het want sy het in die stoel doodstilgesit en hulle kon nie 'n pols by haar kry nie, maar toe hy vir haar bid, toe staan sy uit die dood uit op!

Jesus wek Lasarus nie uit die dood uit op om te wys wat ons met gebed of magswoorde in Jesus se naam kan doen nie. Met hierdie magsdaad wys Hy dat Hy self as mens uit die dood gaan opstaan om die mag van die dood te breek. Verder, dat Hy dit doen omdat Hy self die Skepper van elke mens se lewe is en met die mag waaruit Hy alles uit niks gemaak het as die Woord van God, ons weer mens van vleis en bloed, onsterflik binne sy skepping sal laat leef saam met Hom.

Hy wys ons nie wat ons kan doen nie, maar wie net Hy vir ons is: die Here wat ons lewe gee en hierdie lewe so nuut maak dat al gaan ons dood ons nog vir Hom bly leef tot Hy ons weer soos Hy uit die mag van die dood sal bevry om vir ewig as mense met Hom as God te laat leef.

Ewig lewend mens met God vir God! Elke tydelike oomblik en geleentheid het ewigheids waarde. Dit is deel van ons identiteit as mense om vir altyd as mense met God te leef. Dit is ons nuutheid! Christus maak alles vir ons só nuut. Só kondig Johannes Christus as Here wie ons vir ewig met Hom laat saamleef aan in Open 21: 5: "Hy wat op die troon sit het gesê: Kyk, Ek maak alles nuut."

Die gawe van die ewige lewe maak ons tydelike lewe vir altyd kosbaar

5. Dit is nie maar hoe die lewe is en hoe die lewe werk nie!

Dit is die ongeloof waarin mense glo alles gebeur vanself volgens natuurwette: dit is maar hoe die lewe is en hoe die lewe werk. Dit is ook nie hoe mense se goddelike of geestelike maar werk nie.

Christus is verklaar aan Maria: “Ek is die opstanding en die lewe. Wie in My glo sal lewe al het hy ook gesterwe.” Christus skep ons om mens te wees met Hom as God. So verklaar Johannes dit in 1 vers 4: “In Hom was lewe, en dié lewe was die lig vir die mense.” Elke oomblik van menswees is ’n skepping van die Here. Daarom is die ewige lewe nie iets wat werk soos dit werk nie. Dit is wie die Here ons vir ewig met Hom laat wees deur die krag as Skepper wat mens is in ons plek as sondaars.

Christus verander só elke oomblik wat ons met Hom as Here leef – Hy maak elke oomblik wat ons as mens leef, deel van ons ewig lewe met Hom.

Op hierdie wyse maak die Here alles wat tydelik is en van verbygaande aard is, ewig kosbaar! Hierdie tydelike lewe wat ons mens is, is ’n lewe saam met Christus die Here.

So word elke geleentheid, elke oomblik, elke verhouding, elke toewyding en elke dienswerk deel van ons toekoms. Christus laat alles wat in ons verlede is, deel wees van ons toekoms met Hom.

Elke tydlike oomblik met ’n kind, ’n geliefde, met arbeid word kosbaar want dit is deel van my ewige lewe met die Here. Dit word deel van die identiteit waarmee ek die ewige lewe leef.

Niks wie ons as mens is en as mens doen, is meer iets van die verlede, iets wat verganklik is en beëindig gaan word nie. Alles bly deel van ons lewe met die Here vir ewig.

6. Die Here maak elke tydelike oomblik met Hom vir ewig kosbaar met Hom. Dit is ons nuwe lewe en hierdie nuutheid gee aan ons tydelike lewe ’n besondere dringendheid! Ons het net hierdie oomblik, net hierdie geleentheid, net hierdie dienswerk en net hierdie verhouding om deel van ons ewig lewe te laat wees! Ek het net soveel tyd om hierdie liefde en diens vir altyd deel van my lewe te laat wees.

Dit is amper soos geliefdes se dringendheid waarmee hulle alles gereed kry vir hulle huwelik! U ken dit! Geliefdes kry alles bymekaar en gereed vir hulle lewe saam! Hulle kry saam meubels, kry saam motors, kry saam breekgoed en eetgerei, kry saam lewenspolisse en skep geleenthede waarin hulle vir mekaar hul self gereed maak vir die nuwe lewe om altyd man en vrou mekaar te wees. Die toekoms van om

Die gawe van die ewige lewe maak ons tydelike lewe vir altyd kosbaar

man en vrou saam te wees, gee aan elke oomblik die karakter van wat ons nou vir en met mekaar doen, gaan deel wees van ons lewe saam in die huwelik.

Dit is die dringendheid wat die Here gee aan elke deel van ons lewe nou met Hom: elke oomblik en geleentheid gaan deel wees van my ewige lewe met die Here. Elke oomblik wat ons vandag beleef is deel van ons ewige identiteit. Daarom moet ons soveel as moontlik met ons lewe doen – want dit is deel van die nuutheid wat onverganklik is en nie beëindig kan word nie.

7. Hierdie kosbaarheid en dringendheid van 'n nuwe lewe wat ons leef, is dit totaal iets anders as die lewe wat godlose mense aan die een kant leef en mense wat in afgodsdienste leef aan die anderkant.

Beide hierdie twee godlose lewenswyses gee hulle self oor aan die gelatenheid en verslaenheid van die verganklikheid en nietigheid wat die dood oor die lewe bring. Hulle aanvaar fatalisties dat die tydelike karakter van hul menswees, beteken dat hul menslike lewe beëindig sal word en tot nuut sal gaan.

Daarom leef hulle 'n lewe waar alles wat hulle menslik is, oud word en deel van die verlede word, totdat hulle self ook tot niet gaan en net 'n herinnering of gedagte uit die verlede is.

Goddeloosheid se oorgawe aan verganklikheid en nietigheid beskryf Paulus in 1 Korintiërs 15: 32: “Laat ons eet en drink, want more sterf ons.”

Hierdie is 'n totaal ander lewensingesteld as die van gelowiges in Prediker “Ek het ook iets gesien wat goed is: dit is aangenaam om te eet en te drink en die lewe te geniet onder die geswoeg van hierdie lewe. Dit kom 'n mens toe vir die hele leeftyd wat God hom skenk. God skenk aan 'n mens rykdom en besittings en laat hom dit geniet. ... Dit is 'n gawe van God. (Pred. 5: 17 – 19)

Gelowiges geniet God se gawes as deel van sy versorging van sy dienaars, ook om te eet en te drink.

8. Goddeloses egter maak van eet en drink iets totaal anders. Dit is iets waardeur hulle die gevoel van verganklikheid en nietigheid, alles word oud en iets van die verlede, wil verdryf met nuwe opwindende ervarings van die lewe.

- Hulle gee vir hulle self die gevoel van nuutheid met vreemde nuwe en spesiale kosse en dranksoorte wat 'n nuwe lewenservaring is. Hierdie spesiale maaltye verdring die gevoel van die nietigheid en verganklikheid van die lewe waarin hulle hul self oorgegee het.
- Hulle soek en vind elke dag nuwe wonderkosse en wonderdrankies, bossies, blare en pitte, wat vir jou 'n nuwe gesonde en lang lewe verseker sodat met

Die gawe van die ewige lewe maak ons tydelike lewe vir altyd kosbaar

hierdie wonderkosse en wonderdrankies hulle die dreigende gevoel van verganklikheid en die einde kan weg eet en drink.

- Hulle soek nuutheid in hulle lewe deur altyd nuwe soorte klere te soek en te dra, want met klere, net soos kos en drank, keer hulle hul self om nie in die gevoel van alles gaan verby en ek raak klaar te versink nie.
- Die skrywer van die boek Prediker is eintlik besig om hierdie lewenshouding te beskryf en wys dat mense die nuutheid van die lewe ook soek in nuwe werksondernemings en lewensuitdagings. Deur nuwe dinge in die lewe aan te pak, word jy nie oud nie, maar bly jy nuut en vars.

Die ironie van al hierdie middels waarmee hulle nuut wil leef is dat dit gedryf word deur die godlose lewenshouding waarin hulle hardkoppig wil bly volhard: “Daar is geen God en ewigheid nie. Laat ons eet en drink want more sterf ons.”

9. In afgodsdienste probeer mense op 'n ander wyse die tydelike karakter van hul lewe as mense ontvlug en te bowe kom. Hulle maak hulle self nuut op 'n ander manier, nie met kos, werk, spel, drank of wondermiddels nie, maar deur deel van die krag en lewe van God te word. Hulle ontvlug hul menslikheid met goddelikheid!

In afgodsdienste wil mense nie hul lewe as mense aanvaar as tydelik nie, want vir hulle is die gewone menslike lewe ook 'n lewe wat tot niet gaan en beëindig word. Daarom soek hulle iets anders – 'n goddelike lewe wat jou verhef bokant die gewone menslike lewe.

U ken hierdie driftigheid om goddelik te wil word in die geestelikheid wat elke dag rondom ons geleef en geadverteer word!

- As jy God in jou lewe innooi en Hom toelaat om sy goddelike lewe in jou te leef, en nie meer jou eie menslike leef nie, sal jy deel word van die goddelike lewe van God self.
- As jy God die middelpunt van jouself maak en nie meer 'n eie-ek het nie maar doodmaak binne in jou, sal jy nie meer jou menslike self wees nie, maar sal jy deel wees van die Persoon van God self.
- As jy nie meer self dinge probeer doen en onderneem nie, maar jou eie krag ontken en aflê, dan sal jy deel van God se goddelike krag word.

Op hierdie wyse kom jy weg van die menslike lewe wat verganklik is en beëindig gaan word wanneer jy doodgaan – deur goddelik te word.

Die gawe van die ewige lewe maak ons tydelike lewe vir altyd kosbaar

Dit is en bly 'n fatalistiese geestelikheid wat niks anders is as die gelatenheid en verslaenheid oor die mens se tydelikheid waarin hy as mens met God leef nie. Met hulle goddelikheid wil hulle oor die werklikheid van hul fatalisme oor menslike lewe kom – alles wat jy as mens is, doen en beleef, gaan niks word nie. Daarom moet jy nou al goddelik word om hierdie nietigheid te oorwin.

10. Kan u die verskil sien tussen hoe ons as gelowiges elke oomblik en geleentheid om mens te wees as deel van die nuutheid van ons ewig lewe met die Here leef teenoor goddeloses wat hulle aan die nietigheid en verganklikheid van die menslike lewe wil oorgee en bygelowiges wat goddelik wil word om oor die nietigheid en verganklikheid van die lewe wil kom?

Ons leef in die vertroue in die Here dat ons tydelike menslike lewe, is deel van ons ewige lewe as mense met Hom as God, vir altyd.

Daarom kan ons tydelike menslike lewe nooit iets vergankliks word as iets wat tot die verlede behoort nie. Elke oomblik van elke deel van ons lewe is nie deel van die verlede nie, maar ons toekoms om ewig met die Here te leef!

Net so kan ons tydelike menslike lewe nooit iets wees wat deur die dood beëindig kan word sodat ons nie meer mens vir God kan wees nie. Elke oomblik en geleentheid van ons tydelike menslike lewe is deel van ons opstanding uit die dood om vir ewige mens met God in 'n nuwe skepping sonder sonde te wees.

Christus het die dood as die einde van ons menslike lewe vervang met 'n ander einde. Paulus tel dit só: “Net soos almal deur hulle verbondheid met Adam sterf, so sal almal in Christus lewens gemaak word. Maar daar is 'n volgorde: die eersteling is Christus, daarna, by Christus se koms dié wat aan Hom behoort. Daarna kom die einde.” (1 Kor. 15: 21- 24)

Christus het 'n nuwe menslike lewe vir ewig ons einde gemaak. Ons leef met Hom hierdie lewe vir altyd en dit maak elke oomblik en geleentheid in ons menslike lewe nuut, kosbaar en dringend. Dit is deel van ons toekoms nie ons einde nie.

Ons gee onself nooit oor aan die fatalisme van goddeloses en bygelowiges nie – hierdie lewe wat ons nou leef is verganklik en gaan beëindig word, of jy geniet dit wat oor is en maak dit so nuut as moontlik of jy ontvlug dit en word so gou as moontlik goddelik!

11. Ons was deel van die jaarverwisseling van 2019 na 2020!

Hoe gaan 2020 nuut wees?

Die gawe van die ewige lewe maak ons tydelike lewe vir altyd kosbaar

Nuut soos vir goddeloses? Om in spesiale eetplekkies op spesiale plekke nuwe vreemde geregte en drankies te drink, wat ons nuut laat vir voel vir 'n rukkie en dan moet ons weer so ervaring gaan soek, omdat alles verganklik en nietig is? Nuwe klere wat ons nuut laat voel, nuwe ondernemings en risiko's wat ons die gevoel van ewigheid gee!

Nuut voel soos bygelowiges in hul afgodsdienste? Elke dag weer een of ander goddelike ervaring kry wat jou die gevoel gee jou geestelikheid verhef jou bo die tydelikheid van die lewe se verganklikheid en nietigheid?

Of gaan ons in die ritme van planete en sonnestelsels, die veroudering van ons liggame leef met die vaste sekerheid en toekomsgerigtheid – ons leef vir altyd saam en vir die Here Jesus Christus en alles wie ons is en doen, is deel van die einde – 'n lewe vir altyd met God as mens in sy nuwe skepping! Altyd tydelike menslik, maar nooit verganklik en nietig nie! Open. 21: 1 – 7